WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 04/2019
25/04/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Kpln (Ds) Sarel visser.

Paul Els verwittig met leedwese van "… Sarel se afsterwe. Die begrafnis vind om 10:00 op 30/04/2019 by die Zandfontein Begraafplaas plaas, gevolg deur 'n troosdiens om 12:00 by die Gereformeerde Gemeente Innesdal in 17de Laan, Rietfontein in Pretoria. Sarel was onder andere die Direkteur Kapelaansdienste van die SWAGM.

2. Passing of Lesley (Les) Robinson of the SAN

Arne Soderlund advises with regret of the passing of Lesley in the USA on 03/04/2019. He was 64 years old".

3. Passing of Leslie McKenzie of the CTR (Dukes)

* William (Robbie) Roberts of Signals advises with regret of "… the passing of Leslie in Cape Town. He was 80 years old. Leslie had a long association with the Dukes, was a member of the Signals Association and a well known and life-long broadcaster at Fine Music Radio (FMR). He was the last Head of Springbok Radio before it was closed down in the mid 1980s. An article about Leslie appeared in the Rapport of 07/04/2019".

* Alan Brashaw is the Chairman of the Dukes Association and he advises that a celebration of the life of Leslie took place at the Westerford High School in Newlands on 10/04/2019.

4. Afsterwe van AO1 Leendert van Dalen

Paul Els rapporteer dat volgens 'n inskrywing op die webblad van Boshoed Veterane is daar met leedwese gerapporteer dat Leendert oorlede is en dat sy begrafnis op 12/04/2019 vanuit die Kompa-Noord Familiekerk in Pretoria-Noord plaasgevind het.

5. Regstelling oor AO1 Hans Thessner van die SAG. In die vorige Nuusbrief is foutiewelik gerapporteer dat Hans verlede jaar oorlede is. Louise Rossouw van die Spysenierskorps
reageer en verwittig dat "… die berig 'n growwe misverstand is. Ek ken hulle baie goed en het nog op 18/03/2019 vir hulle op Riversdal besoek. Hulle dogter, Matilda, het die volgende regstelling verskaf:

Oom Hans (86) en Tannie Rita (82) woon albei op Riversdal in die Wes-Kaap by hulle oudste dogter, Mathilda en dit gaan onder omstandighede met beide van hulle goed. Hulle selno is 072 125 3782". Nota. Ons vra om verskoning vir die fout.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

6. Persoonlike Nota van Johan Jooste van die Infanterie en die Nasionale Parke

"My en Arina se opregte dank weereens vir die stiptelike en goed versorgde Nuusbrief. Dit maak 'n reuse bydrae tot ons Veterarane se welwees en ons sal dit nooit as vanselfsprekend aanvaar nie".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

7. Wearing of Decorations and Medals by Military Veterans. Veterans attending memorial services and parades have been plastering their jackets with qualification, proficiency, unit, veteran association and other badges, which is creating a poor impression. Gert Minaar of the CMVO provides the following as the SADF's guidance on this matter and request the Veterans to adhere:

“The cluttering of civilian dress on formal occasions makes the wearer look unprofessional and unmilitary. Badges are not the equivalent of decorations and medals. Wearing several detracts from the dignity and significance of the decorations and medals that are worn. Instead of wearing everything, select what is the single most important to you out of your regimental association badge, unique proficiency badge or other veterans’ association insignia. Maximum of two is preferable. If you are wearing medals, place the badge on the right lapel. A Veteran should not loose his respect for the Service in which he had served and of which he is proud of its traditions. Your personal discipline should ensure that you continue to observe the rules. for further guidance read the contents of the link at
https://www.cmvo.org.za/docs/History%20of%20SA%20Medals.pdf”.

8. Those who Rule the Waves, Rule the World! One of the readers of Arne’s MN has stated the following:

“Approximately 80% of the world’s seaborne traffic traverse the Indian Ocean and it is time for our Government to show more awareness of the RSA’s strategic positioning and commit more to the monitoring thereof. The downgrading of the SAN and the SAAF by way of the absence of maritime patrol aircraft is totally unacceptable”.

9. Problems with the Deployment of SAS Amatola

The planned deployment of the SAN’s SAS Amatola to the Mozambique Channel in Feb 2019 as part of Op Copper did not take place as scheduled due to technical and manpower problems. The frigate was due to carry out a two-week mission in the Mozambique Channel in terms of an anti-piracy undertaking, but never made it to the operational area. SAS Amatola arrived in Durban on 25/02/2019, but problems with the supply and payment of fuel as well as electronic defects necessitated extra time in port for repair. Weather conditions at that time were deteriorating badly due to Tropical Cyclone and the sea state was very rough. SAS Amatola left Durban bound for her home port in Simons Town on 19/03/2019. The photo shows SAS Amatola in better times.

10. SAN Assistance to SA Airways (SAA)

According to Arne’s MN “… the SAN was called to assist in locating the accident scene and recovery of evidence and debris with the three aircraft that the SAA has lost at sea. Details on the SAN members that were present during these deployments or in the planning and execution is currently being sought. Kindly advise if you can assist at my e-mail address at angel45@iafrica.com”.

11. Protection Against Drones

According to Arne's MN, the USN is seeking ways to protect warships and bases from drones modified to kill and are to develop ways to fight off swarms of cheap commercial drones. This is the latest in a series of steps the Pentagon has taken to speed up development of new systems that can defend against drones that are readily available for purchase and easily modified for war. In 2014, the Navy deployed a 30-kilowatt laser aboard an amphibious transport dock in the Persian Gulf and released test footage of the laser shooting down a Scan Eagle drone. The Navy likes the idea of fending off swarms of enemy drones with a laser that costs about a dollar per shot rather than standard missiles that cost $750 000. The Navy bought two more of the lasers at $150 million each, with deployments scheduled for 2020.

12. Russian Submarine Launched Cruise Missile Without Leaving Port

The Russian Northern Fleet's newest and most advanced submarine, the Severodvinsk, has fired a Kalibr cruise missile without leaving the pier. It is said to be the first time a nuclear-powered submarine has launched a cruise missile directly from the base, a move drastically shortening the time it takes to make a submarine's weapons ready for combat

13. Russia's Tupolev-160 Sukhoi-27SM Planes Conduct Training over the Black Sea

The only purpose of the article is to show the Pongos what a modern strategic bomber looks like.

SWAK TOESAND VAN DIE BEGRAAFPLAAS IN THABA TSHWANE

14. Paul Els van die Springende Seiners

"Op 04/04/2019 is daar 'n beroep op die Internet gedoen vir vrywilligers om te help om die begrafplaas skoon te maak. Daar het 'm paar makers opgedaag maar daar is besluit dat die mannekrag te min is om 'n verskil te maak. Die foto toon die boonste gedeelte van die begrafplaas wat waar grafte nie eens meer sigbaar is nie By die ou begrafplaas lê die gemors nou al tot by die ingang en mens moet nie waag om daarin te ry nie. Ek neem my .45 saam as ek soontoe gaan".

15. Second Attempt to Clean the Cemetary. On 09/04/2019 Stanley Morris placed the following request on the Web Page of Order of the Bush Hat :

“The Cemetery at Voortrekkerhoogte, where some of our fallen heroes of our Border War are buried, is overgrown and in a sad state. We, of The Order of the Bush Hat/Orde van die Boshoed, are going to pay our respect to our fallen brothers by cleaning it up. We call on every available Veteran to assist and help from 08:00 on Saturday 04/05/2019. Bring a rake, fork, spade, brush cutter, lawnmower, broom or brush and black bags and also water and something to Braai and drink afterwards. Come and show your gratitude, respect and honour for those who gave their lives in service of our country. Contact Schalk Langeveldt on 063 754 1384 or Stan Morris on 071 196 9829 for further information”

16. Mark Louw of the of the Shellburst MOTH Shellhole

“Our Shellhole cleaned the grave of Sgt Roxo of Spec Forces at the Thaba Tswane cemetery recently and the next work party is scheduled for 04/05/2019. We call on Veterans from from other organizations in to assist in cleaning the graves of our fallen heroes to honour their memory. For more information call Mark at 072 659 2503 or Eddie on 082 682 7531”.

20. Paul Els van die Springende Seiners

“Die Hoof van DOW gaan genooi word het om op 04/05/2019daar aan te kom om hom van die toestand van veral Nommer 1, die ou begrafplaas, te vergewis. Die organiseerders is ernstig en vra dat ons wyd adverteer”.

21. Cleaning of the Grafe of Sgt F. Roxo of Spec Forces

Mark Louw of the of the Shellburst MOTH Shellhole reports “... that our Shellhole cleaned the grave of Sgt Roxo of Spec Forces at the Thaba Tswane cemetery recently. The photos shows the before and after effect.

BESKIKKING OOR 91 BDE SE DOKUMENTE

22. Piet Heyns van die SWAGM se 91 Genie Regt

“Met die onafhanklikheid van Namibia en die onsekerhede wat daarmee saam gegaan het, is ons bevelvoerders aangeraai om ons militêre dokumente weg te bêre. Ek is nou besig om my huis op te ruim en het dit weer onder die jare se stof ontdek. Hier is nuusbriewe van 91 Bde en handboeke wat ek nie sommer wil weggooi nie. Ek wil graag weet wie in die verdere bewaring hiervan sal belangstel. My e-posadres is heynsp@mweb.com.na”.

23. Angel Soderlund van die SAV

“Die SANW se eenhede gaan nie veel moeite met bewaring doen nie, want die SANW se geskiedenis begin glo in 1994. Baie van die tradisionele eenhede moes hulle versamelings verwyder, soos wat met die CTR en CTH gebeur het. Met my versameling het ek nie meer veel plek oor nie en konsentreer op maritieme dokumentasie wat ek in elk geval nou stadig aan die ‘Naval Heritage Trust’ en die Vlootmuseum oorhandig. Die Nasionale Museum van Krygsgeskiedenis in Saxonwold mag egter belangstel”.

24. Jandre du Plessis

“As 'n ywerige jong historikus sal ek natuurlik baie belangstel. Hierdie tipe dokumente is absoluut krities omdat ek meestal sulke tipe dokumente gebruik om die geskiedenis van eenhede n ate vors. Dokumentasie is gewoonlik die enigste betroubare bron wat ons kan gebruik omdat die Argiewe nie die eenhede se geskiedenis op datum gehou het nie. Net vir interessantheid wil ek noem dat ek kol Linford van 201 Bn se krawat van 91 Bde in my versameling het. Enige donasies sal verwelkom word. My e-posadres is jhduplessismilcollection@gmail.com”.

TOEKOMSTIGE OORLOë

25. Pentagon Developing Low-Yield Nuclear Cruise Missiles for Submarines

Arne reports that the Pentagon is concerned that Russian is developing low-yield nuclear weapons because of a perceived advantage. The Russian thinking is that if the USA does not have similar weapons, the USA will not be able to respond to a Russian low-yield nuclear weapon strike. The Pentagon is now in the early stages of developing low-yield submarine-launched nuclear-tipped cruise missiles so as to be able to react effectively. The photo shows the SSBN Ohio with missile tubes opened.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

26. Swak Behandeling van John Linden van Leërinligting

John verwittig met smart in sy hart dat sy "… burgerlike tandarts nou al langer as vier jaar probeer om vir my 'n bitrekonstruksie te ontwikkel. Elke keer as die tandarts sy kwotasie vir goedkeuring by die SAGD indien, is daar n wagtydperk van tot 'n jaar voordat 1 Mil Hosp uiteindelik verwittig dat hulle nie die kwotasie ontvang het nie. Die proses het nou al so lank gesloer dat die een pen, wat saam met die nuwe been links bo ingeplant is, nou al opgeskuif het en nou langs my sinuses sit. My voortande is nou ook al los en drie tande links bo het al gebreek.

Die tandarts het in Jan 2019 weer 'n kwotasie ingedien, maar het nog geen reaksie ontvang nie. Hy is blykbaar die enigste tandatrs hier rond wat nog bereid is om werk vir die SAGD te doen. My mediese nommer is VPA 15368PE"

27. Kommentaar oor ons Mediese Stelsel. Francis van Zyl van die Seiners lewer die volgende kommentaar oor ons mediese stelsel:

"Daar is baie VPA lede wat frustrasies en irritasies met mediese dienste en soms die gebrek daarvan ondervind, maar net so is daar talle gevalle waar uitstekende diens gelewer was. Ek het al 'n paar keer VPA-lede na Afd Ongevalle by 1 Mil Hosp geneem en het meestal goeie diens daar ontvang. Dit het egter ook al gebeur dat 'n dokter my op ongeskikte wyse vra '...why did you bring the patient here, as I cannot find anything wrong with him'. Natuurlik het ek my bloedig vererg, maar nadat ek kapsie gemaak het, is die pasiënt aan 'n ander dokter toegewys waarna hy behoorlik gediagnoseer en opgeneem is.

Dit eerder die lomp administratiewe stelsel wat frustrasie en moedeloosheid veroorsaak en nie noodwendig swak mediese behandeling nie. Dit is nie maklik om ‘n afspraak by sommige klinieke van 1 Mil Hosp te kry nie en daar is gewoonlik ’n lang wagtyd vir ‘n afspraak. Om ’n kliniek by 1 Mil Hosp te skakel is soms ‘n nagmerrie is. Ek het al by ‘n kliniek se toonbank gestaan waar oproepe net geïgnoreer of net opgetel en neergesit word. Dit gebeur ook soms dat pasiënte by ’n kliniek aanmeld net om te hoor dat die afspraak gekanselleer is, sonder dat daar moeite gedoen is om die pasiënt in kennis te stel.

Ek wag nou al amper 10 weke vir binnesole aangesien die funksie nie meer by 1 Mil Hosp verrig word nie. Na magtiging is ek na ‘n privaat instansie verwys wat vêr van my geleë is, terwyl ’n firma wat soortgelyke ortopediese dienste verskaf slegs 8km van my af is en dit binne drie dae vir my kan maak, mits ek die koste self betaal. My dokter by 1 Mil Hosp sê egter dat ek magtiging kan versoek om van die dienste naby my gebruik te maak, maar sy twyfel of 1 Mil Hosp dit sal toestaan.

Met die bogenoemde ter agtergrond is ek egter steeds van mening dat ons ’n professionele mediese diens ontvang, maar dat die gepaardgaande administratiewe funksie opgeknap moet word”.

28. <u>Apteek vir Buite-aankope in Wierdapark</u>

Kallie Brocker van Finansies rapporteer dat “… die Veterane nou hulle medikasie ook by die Eldo Park Apteek in Springbokstraat, Wierdapark, kan gaan afhaal. Die apteker, Kobus, het aan my bevestig dat hy goeie diens aan die Veterane sal waarborg. Die apteek se e-posadres is eldopark@arrienel.co.za”.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

29. Swak Behandeling van Chris Roberts van die SALM

Chris se vrou, mev KE Roberts, verduidelik dat haar man "... weens emfiseem aan respiratoriese versaking ly, wat beteken die longe besig is om in te gee en dat hy van suurstof totaal afhanklik is. Ons gebruik 'n suurstofkonsentrator wat met krag werk om suurstof op te wek, maar tydens beurtkrag is hy van suurstofsilinders afhanklik. Met die onlangse beurtkrag het ek gevrees dat die suurstof te min sal wees en het vir die verskaffer, Afrox, versoek om nog 'n suurstof-silinder te verskaf, maar Afrox het verwittig dat die SMMVF hulle nie toelaat om meer as twee silinders suurstof per maand te verskaf nie en dat ons self vir enige addisionele hoeveelheid moet betaal. Ek het sy geneesheer, dr Stickells, se verslag, waarin hy breedvoerig uiteensit hoeveel suurstof my man benodig en wat die toestand van sy longe is, vir die SMMVF gestuur maar het geen reaksie gekry nie. Dit is vir my onaanvaarbaar dat die SMMVF mediese behandeling op hierdie wyse kan beperk, veral nadat ek skriftelike bewys van die Pulmonoloog aangestuur het, waarin hy sy misnoeë uitspreek en daarop aandring dat my man genoeg suurstof volgens sy voorskrif moet ontvang. My man se besonderhede is VPA 09318 PE".

AANBIED VAN VOORLIGTING DEUR DIE HOOF VAN DIE SMMVF

30. Jaco van As van die RMVO

Jaco verwys na die voorligting wat die Hoofbeampte van die SMMVF op 20/03/2019 aan die VPA-lede te Rietondale in Pretoria aangebied het, waartydens verduidelik is dat die Fonds groot finansiële druk weens hoë mediese uitgawes ervaar en dat 'n omkeerstrategie geimplementeer moes word. Uitgawes het ongeveer 185% in verhouding tot inkomste beloop en is besparingsmaatreëls ge-implimenteer, waaronder verbeterde administrasie and kontrolering van uitgawes. Alle lede is volgens adres op 'n geografiese databasis geregistreer ten einde dienslewering te verbeter. Almal se data is egter nie op die stelsel korrek nie en lede is versoek om te verseker dat kontakdetail en besonderhede korrek is. Benut die e-posadres by info@rfmcf.co.za vir algemene navrae, terwyl klagtes by complaints@rfmcf.co.za aanhangig gemaak kan word".

31. Kommentaar oor die Voorligting deur die SMMVF op 20/03/2019

Francis van Zyl van die Seiners verwittig dat sy ook die voorligting bygewoon het en dat sy "... glad nie die indruk gekry het dat die VPA-lede deur die Fonds as 'n las beskou word nie. Die situasie in die SANW het heeltemal verander en die Fonds kan nie daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Dit is egter 'n feit dat die gerief om van militêre mediese dienste gebruik te maak verander het.

Mediese dienste is duur. Bydraes tot die Fonds was vroeër laag omdat 1 Mil Hosp meeste van die dienste self verskaf het. Dit is beslis nie meer die geval nie, aangesien privaat behandeling teen astronomiese pryse benut moet word. Vergelyk dit egter met die hoë maandelikse bydraes wat by privaat mediese fondse betaal moet word.

Ek self het nog nie 'n probleem ondervind om die Fonds telefonies te kontak nie. Na afloop van die vergadering het ek voorgestel dat die Fonds ons vooraf vir insette vir die volgende vergadering vrae, sodat onsekerhede opgeklaar kan word.

Probleme ontstaan gereeld omdat lede nie die korrekte prosedure weet, verstaan of volg nie, of net doodeenvoudig ignoreer. Dit is egter ’n gegewe dat magtiging vooraf vir enige diens gevra moet word. Daar moet soms lank vir magtiging gewag word en dit het menige van ons al gedwing om self vir sekere behandeling te betaal, maar die Fonds kan nie noodwendig daarvoor verantwoordelik gehou word nie. Ek is oortuig dat daardie afgelope jaar ’n daadwerklike verbetering by die Fonds ingetree het”.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

32. Troops in Angola

Thirty four years ago, on 15/04/1985, the South African Foreign Minister announced that the South African troops will be withdrawn from Angola, as part of the peace agreement reached between all the parties concerned.

33. *Ongulumbashe : Die Begin van die Bosoorlog*. Die volgende is ‘n opsomming van ‘n deel in Paul Els se boek met dieselfde naam:

In Aug 1966 is kapt Jan Breytenbach en tien ander lede van 1 Valsk Bn getaak om in Pretoria ‘n groep SAP-lede op te lei in veldkuns em hoe om uit ‘n helikopter te spring. Die groep van 30 lede van die SAP en 10 van 1 Valsk Bn is op 25/08/1966 na ‘n posisie 60km Suid van Ruacana gevlieg en het die volgende oggend in agt helikopters vir die eerste aanval teen ‘n basis van SWAPO (PLAN) vertrek. Die operasie is deur kol Dillon (bekend as die Rooi Rus) gelei. Kol Dillon is aangeraai om nie sy helikopter te verlaat nie, om van daar bevel en beheer uit te oefen, maar besluit om uit te spring. Die helikopter was veel hoër as wat dit gelyk het en hy het hard met die grond kennis gemaak. Hierdie stap het aanvanklik heelwat wanorde veroorsaak. Kpl Snakes Snyman, wat aangestel was om Dillon te beskerm, moes noodgedwonge ook uit die Alouette spring en het met sy Bren LMG en twaalf magasyne ‘n valskermrol uitgevoer. Hy het sy wind uitgeval maar storm agter Dillon aan, wat al so vyftien tree voor hom in ‘n voetpaadjie hardloop. Skielik klap die skote en Snakes sien ‘n stomp so 30m van hom, van waaragter Agapepe Ipangelwa met sy PPSH na hulle vuur. Hy vuur ‘n sarsie uit die heup sonder sukses en lig sy wapen en tref Agapepe noodlottig. Op die grond het totale wanorde geheers, terwyl die SAP-lede skreeu dat hulle van die SAP is. Met kol Dillon op die grond, moes Jan Breytenbach noodgedwonge vanuit die lug beheer oorneem. Twee lede van PLAN is gedood en nege is in hegtenis geneem en een van die helikopters het warm bier vanaf Ruacana gebring. Snakes is verwittig dat hy van moord aangekla gaan word omdat hy die terroris geskiet het en dit het hom vreeslik geskok, maar daar het niks daarvan gekom nie.

Die aanval se datum word as die begin van die Bosoorlog beskou en in die geskiedenis van die 23 jaar lange bosoorlog was Ongulumbashe die enigste basis wat ooit binne SWA deur SWAPO (PLAN) gebou is. Die foto toon die lede van 1 Valsk Bn se span maar ek weet nie waar kmdt Tommy Renfree ingepas het nie. Die SAP-lede het medaljes ontvang, maar ons SAW-lede nie.

34. Laaste Gevalle Held van die Bosoorlog : Kpl Hermann Carstens van 1VR. Leon Bezuidenhout is 'n militêre historikus en skrywer van die boek *Shadows in the Sand : A Koevoet Tracker's Story*, en vele artikels oor ons militêre verlede. Hy het 'n artikel oor die aangrypende verhaal van kpl Hermann Carsten verskaf, soos wat dit verskyn in die ongepubliseerde boek, *South African Special Forces,* deur Tinus de Klerk, wat spanleier van 1 VR tydens Op Saga was. Die artikel is soos volg vir die doeleiendes van die Nuusbrief opgesom, maar die volle artikel kan van Leon se e-posadres by leon@mboneni.co.za aangevra word.

Met die implementering van Resolusie 435 op 01/04/1089 sou alle gewapende magte tot hulle basisse beperk word, maar SWAPO (PLAN) het dit as 'n geleentheid gesien om basisse in Owamboland te vestig. Ongeveer 30 lede van Spes Magte en operateurs van Afd Inl is na SWAPOL afgedeel om met die insameling van inligting behulpsaam te wees, terwyl die SAP (VT) ook hulle stelsel van informante in stand gehou het. Die militêre operasie het as Op Saga bekend gestaan.

Hermann Carstens is op 30/09/1968 as die seun van 'n offisier van die SAW in Pretoria gebore en was 'n lid van die kontigent van 1 VR wat na SWAPOL se basis by Okatope afgedeel is. Op 01/04/1989 het groot groepe swaar gewapende PLAN-lede Owamboland binnegeval en SWAPOL het onder groot druk verkeer toe swaar gevegte met PLAN-groepe uitgebreek het, wat tot 250 man sterk was. Soos wat dié groepe aangeval is, het hulle versplinter en kleiner eenhede gevorm. Hermann is as een van van die Casspir-bevelvoerders aangewys en moes die dubbelgemonteerde Browning-masjiengeweer beman. Op 04/04/1989 het hulle die basis by Okankolo verlaat en gou

op vier stelle spore afgekom, waarvan die getal spoedig tot 10 verhoog het. Ongeveer 3 km Suid van Eenhana was Hermann se Casspir besig met voorsnywerk toe hulle ’n hinderlaag binne gery het, waar die PLAN-lede met AK-74s en ‘n RPG7-vuurpylrigter bewapen was. Herman het staande vanuit die masjiengeweerluik met die dubbel Brownings teruggeskiet, toe ’n RPG7-vuurpyl die Casspir binnedring, die rooiwarm metaalskrapnel verwoesting aan die binnekant gesaai en Hermann van agter tref en hom op slag dood. Die foto toon die Casspir met die vuurpyl se klein ingangsgat in rooi omsirkel.

Hermann is in Apr 1989 met volle militêre eerbetoon in die Helde-akker in die Warmbad-begraafplaas begrawe. Sy dapperheid sal vir altyd deur ’n spesiale steen op sy graf gedenk word. Op 23/06/1974 het lt Fred Zeelie van 1 VR die eerste Suid-Afrikaner geword wat in die bosoorlog gesneuwel het, terwyl kpl Hermann Carstens, ook van 1VR, die laaste Suid- Afrikaanse soldaat was wat daartydens gesneuwel het.

26. <u>Staflede van die Burgerlike Beskermingskol op George</u>

Monica Moolman Muller het die foto verskaf van die Kollege se staflede wat in Sep 1971 ’n stafbesoek aan HK Kmdmt OP en 6 SAI Bn in Grahamstad gebring het. Met die stigting in 1971 van die Burgerlike Beskermingskol is die eerste vroue in die Staande Mag van die SA Leër aangestel, terwyl die eenheid se naam in Jan 1977 na SA Leër Vroue-kol verander is. Van regs na links verskyn Maj Rosa du Toit, ADK, Kapt Fritz Thirion, SAIK (Adjudant), Lt Laura Benade, ADK, Maj Hannetjie van der Merwe, ADK, Kol Martiens du Plessis (Bev), Lt Monica Moolman, SASK, Kmdt Hennie Riekert (Bev 6 SAI Bn en later Hoof Bop Weermag en Lt Juanita Leach, ADK. Die eenheid se naam is in Januarie 1977 van die Burgerlike Beskermingskollege na die SA Leër Vroue-kol verander.

.

NUWE MILITêRE BOEKE

27. NTR.

PAUL ELS SE BOEKE

28. Boeke oor die Militêre Basis in Walvisbaai en die Res van SWA

“Ek is besig om my boek oor Walvisbaai klaar te maak en gaan binnekort met ‘n boek oor die militêre eenhede Suid van die Rooilyn begin, waaroor daar nog niks geskryf is nie. Vir hierdie poging gaan ek informasie en fotos benodig oor alles wat Suid van Oshivelo gebeur het. Enige items wat ek ontvang sal ek later aan die Argief of Voortrekkermonument oorhandig, soos wat ek ook met doe memorabilia van genl Charlie Lloyd gedoen het”.

29. Boek oor die Genie

Ek het met ‘n boek oor die Geniekorps begin en iemand het die taak by my oorgeneem. Huidig is ek besig met ’n boek oor 5 MWE en vorder goed met die met hulp van die makkers wat daar daar gedien het”.

WELSYNSWERK

30. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

31. Berig oor die Rum Run na Rhodesië

In een of ander Nuusbrief verlede jaar was daar ‘n berig oor die SALM se transportvliegtuig wat sy vrag op Mpacha sou aflaai en dan voortgaan na Rhodesië om ook vrag soontoe te neem. Met die terugkeer na Sektor 70 sou dit lewensmiddele soos Lemonade en ander brousels saambring, aldus die verwysing na die Rum Run. Kriek van der Merwe benodig die berig en die opsteller daarvan word versoek om vir Kriek op sy e-posadres by kriek1953@gmail.com te kontak.

32. Bringing Skillie Home and Capt Jeronimo of FAPLA. Mike McWilliams is the President of the Parabat Veteran Organisation (PVO) and provided the following article, which appeared in the Mar 2019 issue of BAT Chat, Newspaper of the Parabats:

“It was found that a vital part of getting Skillie Human home from his lonely grave in Angola was an effort to gain the confidence and trust of the Angolan authorities. During this process we were asked by the Angolan Ambassador to the RSA to help them establish the fate of Capt Sebastiao De Carvalho Jeronimo of FAPLA, who was reported missing in action during Op Protea on 24/08/1981. The Angolans believed that we had captured him, but never returned him at the end of hostilities. Their government had made many representations to the SANDF and RSA government since then, but all inquiries had drawn a blank. We at the PVO made it our mission to find out what had happened to him and after months of exhaustive detective work, we established that Capt Jeronimo was a tank commander whose tank was the first to be shot out by RSA forces near Xangongo. The other two members of the tank crew had escaped the tank through the driver's hatch, but had died of their wounds alongside the tank. His body remained in the turret when the tank was captured and driven to an assembly area. The next morning the SADF driver buried Capt Jeronimo's remains next to the tank’s overnight position somewhere in the trackless Angolan bush. At the end of the operation the tank was sent to the RSA. I and Blaz visited the SA Army Col and met with the OC and some other serving officers. They knew nothing of any T34 tanks on the premises, but the OC personally led us to where he knew some tanks were parked. The first tank we found was the T34 we were looking for. It had the entry hole of the HEAT round on the left-hand side of the turret, as shown below and after examination, we found a barely legible grass plaque on the tank identifying it as the tank shot out near Xangongo on 24/08/1981. Blaz immediately phoned his widow, Rita, and informed her of our find. She was very emotional and thankful.

We also phoned the Angolan Ambassador to make a date for a small memorial service to be held at the tank. The Ambassador will revert to us with a convenient date and we will make arrangements to lay a PVO wreath and show our colours. We hope that this will spur the Angolan authorities to grant us the permissions we need in order to bring Skillie home”.

33. Funksie van Lesers van BAT Chat

Chris Pohl van die Parabats verwittig dat "... lesers van die PVO se maandelikse Nuusbrief 'n funksie op 20/03/2019 bygewoon het, waartydens die foto hieronder geneem is. Nuusbriewe sal in die nabye toekoms op die PVO se webblad beskikbaar wees, sodra die herontwerp van die webblad afgehandel is".



34. Regstel van Dr Koos se Korps

In die vorige Nuusbrief is genoem dat dr Koos van der Merwe 'n gewaardeerde lid van die Infanteriekorps is en dat hy op soek is na 'n offisierstokkie, waarna Paul Lombard van die Vlieënde Geskut in sy koffie gestik het en Sue hom moes lawe. Paul is adamant dat "... sulke beledigings nie geduld sal word nie en vereis dat 'n regstelling gedoen word. Koos van der Merwe was 'n Gunner en nie 'n Infanteris nie en ek weet, want hy het 'n kursus by die SA Art Skool gedoen toe ek 'n instrukteur daar was".

35. Kondome vir die Plaaslike Bevolking

In die vorige Nuusbrief is verwys na Kriek van der Merwe se eiehandige poging om swangerskappe in Owamboland te verminder. Paul Els noem nou dat hy iewers verneem het dat daar 'n vliegtuig vol kondome vir die bevolking in Zoeloeland gestuur is, maar dat die hele vrag weer na die land van oorsprong teruggestuur is aangesien die kondome te klein was.

36. Doctrine of Completed Staff Work. Johan Jooste of the Infantry and the National Parks has provided the following article that we will all be able to relate to. The source of the memorandum is unclear, but may have been issued by the Provost Marshal General of the US Army in Jan 1942. The article has been summarised, but is available on request from Johan's e-mail address at johan.jooste@sanparks.org:

"Completed Staff Work is the study of a problem and presentation of a solution in such form that all that remains to be done by the commander is to indicate his approval or disapproval of the document. The impulse of the inexperienced staff officer is to ask the chief what to do, but it is your job to advise your chief what he ought to do, not to ask him what you ought to do. He needs your answers, not questions. Your job is to study, write, restudy and rewrite until you have evolved a single proposed action.

Do not worry your chief with long explanations and memoranda. Your view should be placed before him in condensed and finished form so that he can make them his views by simply signing his name.

The theory of completed staff work does not preclude a rough draft, but the rough draft must not be a half-baked idea. It must be complete in every respect but must not be used as an excuse for shifting to the chief the burden of formulating the action.

The theory of completed staff work theory will result in more work for the staff officer, but it results in more freedom for the chief. In this process the chief is protected from voluminous memoranda and immature oral presentations.

When you have finished your task, the final test is to ask yourself whether you would be willing to sign the paper and stake your professional reputation on it being right. If the answer is negative, take it back and work it over because it is not yet completed".

36. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Apr 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

37. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

38. Application for 2020 World Bank Selection Process for the Young Professional Program

Arlene Bronkhorst of the SADF Association advises that the World Bank has initiated a selection process, known as the Young Professional Program, for your children, grandchildren or friends born on or after 01/10/1986. The link at http://www.worldbank.org/en/about/careers/programs-and-internships/young-professionals-program provides the detail. Please encourage your children, nieces or nephews to apply if they satisfy the criteria. We all have family and friends that we really need to encourage to apply for these amazing careers.

39. Nuus oor die Sein-Assosiasie. William (Robbie) is die Voorsitter van die Sein-Assosiasie in Kaapstad en rapporteer soos volg:

“Die Sein-Assosiasie is 19 jaar gelede in Kaapstad gestig en op 05/05/2019 bied ons ons derde jaarlikse middagete by die Parow Gholfklub aan. Ons voorgangers, die 3 Bde Signals Coy, het tot en met 2016 vir 70 onderbroke jare elke jaar sulke herdenkings sedert 1946 na WO2 aangebied.

Ons Assosiasie het op 29/03/2019 'n suksesvolle gholfdag saam met 71 Seineenh aangebied en dit het die geleentheid geskep dat 'n Militêre Veterane-organisasie suksesvol met 'n eenheid van die Reserwe Mag kan saamwerk.

Geoff Laskey, een van die Sein-Assosiasie in Kaapstad se bestuurslede en ook 'n vorige bevelvoerder van 71 Seineenh, het 'n baie interessante artikel geskryf oor *Military Service, Volunteerism and Veteran Support, Ideas and Perceptions* geskryf. Die artikel kan vanaf my e-posadres by robbie.wa.roberts@gmail.com aangevra word”.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

40. Behoefte aan Vertolkers by AMAGP

Hennie Roux verklaar “... dat AMAGP ten behoewe van 1,3 miljoen dienende staatsamptenare en 430 000 pensioenarisse en hulle afhanklikes optree. Ons doel is om korrupsie en wanbestuur by die GEPF en OBK te bekamp en die paar vrywillige, onbetaalde medewerkers van AMAGP kry nie naastenby die ondersteuning wat dit

benodig nie en dit terwyl die FB blad deur bykans 7 000 persone al besoek is. Maar ons vorder! Dit is duidelik dat AMAGP ‘n rol in die aanstelling van die Mpati Komitee van Ondersoek na die knoeiery by die OBK gespeel het. Ons vordering word egter deur ‘n tekort aan ’n vertolkingsvermoë beperk. Ons het dikwels ‘n klomp informasie waarvan sin gemaak moet word ten einde optrede moontlik te kan maak. Tussen ons afgetredenes is daar baie wat oor die vermoë beskik om te help. Uile en Jakkalse moet asseblief help, maar ons SAW kursusse het ons almal in logika geskool. Daar moet navorsing gedoen word oor bepaalde onderwerpe, sodat hulle kenners oor sekere onderwerpe kan word. Dit sal ‘n poel van kundigheid skep wat op kort kennisgewing vir hulle menings gevra kan word. Help ons asseblief. Daar is reeds baie skade aan ons Fonds berokken en ons is dit aan ons jou naasbestaandes verskuldig! Kontak my by hennie@nostalgie.co.za.

41. Statement to the Media on the Sustainability of the GEPF

AMAGP has expressed their grave misgivings about the long term sustainability of the Pension Fund, based on analyses of the GEPF’s financial statements and other sources.
At the recent AMAGP annual general meeting in Pretoria, attendees expressed several serious, legitimate concerns about shortcomings in the effective, efficient and economical administration of the fund. Evidence of PIC interference in GEPF decisions led attendees at the AGM to ask why the PIC is at all involved in key decisions that affect the future of the GEPF, as members are of the opinion that PIC as a government company should not usurp the role of the trustees of the Fund.

42. New Issue of the GEPF Monitor

Errol Massey-Hicks reports that new Issue Number 18 is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from his e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

43. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig “…dat AMAGP se blad op FaceBook ‘n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het ‘n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit”.

SOEKTOGTE

44. NTR.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

43. RMVO se Jaarlikse Herdenkingsdiens op 26/05/2019

Die Voorsitter en Lede van die Raad van Militêre Veterane Organisasies SA (RMVO SA) nooi die Militêre Veterane na die Jaarlikse Herdenkingsdiens by die SAW se Muur van Herinnering by die Voortrekker Monument Erfenisterrein wat op 26/05/2019 plaasvind. Verwittig bywoning teen nie later as 10/05/2019 na die e-posadres by cmvo-memorial@milvets.co.za. Koffie en tee word vanaf 08:00 tot 09:00 bedien en sitplekke moet vanaf 09h00 ingeneem word. Alle gaste word versoek om teen 09:30 te sit. Detail is op die skakel by Kliek Hier Vir Detail beskikbaar. Die drag vir die geleentheid is formeel met ordes, dekorasies en medaljes. Hoede is opsioneel, maar word aanbeveel vir u beskerming.

44. SAWV se Maandelikse Ontbyt in Pretoria

Die ontbyt het op 13/04/ 2019 by Chatterley's Tea Garden in Valhalla plaasgevind en Johan du Preez rapporteer dat "...80 persone dit bygewoon het. Hierdie ontbyte vind dwarsdeur die land plaas en raak nou baie gewild. Ons nooi alle Militêre Veterane om by die SAWV aan te sluit en kom geniet die heerlike buffetontbyt met onbeperkte koffie of tee met die heerlike samesyn. Die volgende ontbyt is vanaf 09:00 op 11/05/2019 en bywoning moet vroegtydig op my e-posadres by sawv@milvets.co.za bespreek word. Die foto is by die vorige ontbyt geneem.

45. Infanteriste is Plesierig

Geoff Holland-Muter verwittig dat "… die SAIV se Algemene Jaar Vergadering vanaf 09:00 op 18/05/2019 by die Bronberg Landgoed plaasvind. Koffie en beskuit word bedien. Soveel Infanteriste as moontlik moet dit asseblief bywoon. Bespreek by geoff@bexlosa.com. Die kennisgewings is ook op Facebook en die webtuiste geplaas.

Die SAIV se Winter Formele Gaste-aand vind ook op 18/05/2019 vanaf 18:00 vir 18:30 by die Bronberg Landgoed plaas. Die Veterane se drag is formeel met miniatuur medaljes. Dames ooreenkomstig. Alle Militêre Veterane is welkom om by te woon. Koste is R250 per person, 'n Kontantkroeg is beskikbaar en gelukkige prystrekkings vind plaas. Bespreek by geoff@bexlosa.com. Betalings word na bespreking in die SAIV se bankrekening by ABSA Centurion in rekeningnommer 4073908625 gemaak. Die verwysing is WRGA en u naam".

ADMINISTRASIE

46. NTR.

NETWORKING

47. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

48. Food for Thought

- How to know if your mission on earth is finished? If you are alive, it is not.
- Some people are like clouds. It becomes a brighter day when they disappear.
- The Artillery is the Gods of War – Josef Stalin

49. Die Eerste Haarsny

Op die nuusbrief, *Grensoorlog,* het Chris Notnagel ‘n foto geplaas van ‘n nuwe NDP wat met sy eerste besoek aan die haarkapper sy welige boskasie verloor. Chris noem toe “… dat dit so ‘n emosionele ervaring was dat daar na die haarsny van vooraf vriende gemaak moes word”.

50. Heimwee op ‘n 20mm Ratel van 61 Meg Bn

SLOT

51. En op daardie diep noot, geniet die naweek wat voorlê.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

52. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.